

Nuusbrief – Oktober 2017

Niekie de Wet

Maak so seker dat lammers die beste kans op bestaan en oorlewing het

Boere weet hoe belangrik elke lam wat gebore word is. Ons weet maar te goed dat ons kuddes vir ons sal sorg as ons na hulle omsien, dus gee ons vir ons diere die beste moontlike voeding. As ons hiermee afskeep, gaan ons iewers anders moet inboet.

Vir 'n ooi om die beste kans te kry om te lam moet sy die regte voeding kry. Dit is baie belangrik om nie die ooi se rantsoen ses weke voor lam te verander nie en om seker te maak dat sy genoegsame deurvloeiproteïene asook energie inkry. Indien dit nie gebeur nie kan probleme ontstaan soos domsiekte en lam vrektes weens skielike spanning.

Verder verseker die regte voeding dat 'n ooi voldoende en genoegsame biesmelk het sodat sy haar lam kan grootmaak. Biesmelk het 'n belangrike funksie. Dit is 'n bron van voedingstowwe, teenliggaampies en vog wat die lam help om immuniteit op te bou teen siektes.

hierdie immuniteit word van ma na lam oorgedra.



'n Lam wat nie die nodige biesmelk inkry nie, se kans op oorlewings is skraal. So 'n lam verkleum maklik of word deur die ooi weggegooi. Om probleme te vermy moet 'n

lam binne twee tot ses ure na geboorte genoeg biesmelk inkry. Daar is bevind dat 'n lam wat binne twee ure genoegsame biesmelk ontvang se immuniteit met tot 40% verhoog. Slegs sowat 50 ml biesmelk in hierdie tyd kan 'n lam se kans op oorlewing vergroot. As 'n lam nie wil suip nie kan die ooi uitgamelk word. Gebruik net die beste ooie met goeie melk produksie om die lammers te help drink. Biesmelk kan ook gevries word vir latere gebruik.

optimaliseering van biesmelk inname die groei potensiaal van die lam verbeter.

Lammers se bestaan en voortbestaan kan daarom grotendeels verseker word deur ooie reg te voer.



Dit is raadsaam om 'n ooi en haar lam bymekaar te hou. Dit help nie net met die vorming van 'n band tussen die ooi en haar lam nie, maar vergroot ook die lam se

kanse om te groei en sterk te word. Dit is bewys dat skape wat nie voldoende biesmelk ingekry het nie, later in hul lewe swakker presteer. Die skape se voeromsetverhouding (VOV) word negatief beïnvloed en hulle het laer daaglikse groei teenoor lammers wat voldoende biesmelk gekry het. Dus kan die